Plase en families – Grondbesit in Rehoboth
(Farms and Families – Land Tenure in Rehoboth)

Daar het onlangs ´n artikel oor grondbesit verskyn wat handel oor die eertydse en huidige grondbesit- stelsel in die Rehoboth *Gebied*. Die skrywer, Cornelia Limpricht, gee´n oorsig asook moontlike oplossings vir probleme wat deur grondbesit stelsels veroorsaak word. Die artikel handel verder oor die versnippering asook die uitwerking daarvan op grond van die bestuurstelsels, die ontstaan van die Odendaal- plase; verder gee dit´n historiese terugblik op die "Basterboere" wat eers gemeenskaplik en toe stelselmatig oorgeskuif het na private grondbesit asook families wat hiervoor gekwalifiseer het.Ons lig enkele punte uit en gee hieroor verslag:

Vanaf 1890 en spesifiek vanaf 1895 begin die Kaptein Hermanus van Wyk en sy Raad plase as privaat eiendome uit te gee. Die vermoede was dat hulle dit as a soort van beskermings- maatreël teen onteiening deur die Duitse Koloniale Regering beskou het. Elke Baster Burger, maar ook weduwees was togelaat om aansoek vir 7,000 ha te doen, raadslede het 10,000 ha gekry. Die grond was kosteloos, maar die plaaspapier het duidelik gesê, in geval van verkoop mag die eienaar net deur Raad en Kaptein verkoop. D.w.s. Kaptein en Raad het die beheer oor toekomstige verkoop en koop transaksies gehad.

Watter families het aansoek gedoen?

Uit van die Land Register van 1906 kan ´n mens sien, dat tot 1894 die Kapteins-familie van Wyk baie vroeg ses plase verkry het en die Beukes en Koopman families een plaas elk. Op die einde van 19de eeu het die meeste van die vroeëre families, wat met die Trek gekom het, aansoek gedoen. Dit word duidelik en verstaanbaar dat die grootste gesinne die meeste plase verkry het, soos die van Wyks en die Beukese´. Maar die opvallende verskillende datums van uitgee van plase word meskien deur twee redes reflekteer: Op die een kant lyk dit so dat nie die hele gemeenskap van begin af geweet het van die uitgee nie en op die ander kant weet ons dat sommige lede van die gemeenskap teen die uitgee van privaat plase gekant was. Hulle was bang en oortuig dat privaat eiendom makliker gevat kon word vir skulde by die wit handelaars. Maar nietemin die proses van verdeling het plaasgevind en die Basters het in 1917 nog ´n wet oor "Eienaarskap van Grond“ tot hul konstitusie bygevoeg. Privaateiendom aan grond is vandag deel van die Baster se self-beeld.



176 Plase was uitgedeel aan Baster-families tussen 1890 en 1906

* Te Fooi = DeToit / De Tooi; * Chasen = waarskynlik Clasen / Claasen; * German = waarskynlik Jarman

Neem in ag: Hierdie lys het twee bronne: 1) The Memorial-Book (Register of Lands), Aktes Kantoor Rehoboth; 2) Nat. Archive Windhoek: Voss & Scott KRT – "Boek Nr. 5"

Ontneem meer van hierdie boek: Heritage and Cultures in Modern Namibia – In-depth Views of the Country – A TUCSIN Festschrift. Gepubliseer van Cornelia Limpricht & Megan Biesele, Windhoek 2008 (beskikbaar in elke boekwinkel in die land en by TUCSIN Mont Blanc Street, N$ 200)